SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – MAART 2023

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

- **Verjaarsdagwense** aan die veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar. Jul verjaarsdagsteen is die Akwamarynsteen, kleur blou en simboliseer geloof en dapperheid.

  Dié steen staan ook bekend as die Hiasintsteen en is een van die 12 edelstene van die borssak van die priesters [Eksodus 28:15-20].

  In Openbaring 21 word die fondamente van die stadsmuur met allerhande edelstene versier: "die elfde met hiasint" [verse 19-21].

- **Spoedige Beterskapwense aan**

  - Lt. Genl. Wessel Kritzinger, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
  - Geoff Holland-Muter, NUR Lid, ontvang mediese sorg.
  - Sam Thwaites, Tuinroete Lid, ontvang mediese sorg.
  - Joggie Boers, NUR Lid, sterk tuis aan na 'n 2e operasie en verdere mediese sorg.
  - Chris le Roux, Voorsitter Centuriontak, ontvang mediese sorg.
  - Herman de Beer, Melksbosstrand, in hospitaal, ontvang mediese sorg.
  - Henning Kruger, Hoëveldtak, se eggenote Santie in hospitaal en ontvang mediese sorg.
  - Pierre Potgieter, Wesrandtak, na voetoperasie, nou enkelvervanging aan dieselfde voet.
  - Maggie Robinson, West Rand Branch, experiences constant back pain after a fall.
  - Robbie Godley, West Rand Branch, at Swartruggens, dependent from COPD.
  - Alida Lottering, Wesrandtak, knievervanging.
  - Peet Dreyer, NUR Lid, asemnood en gebruik suurstof.
  - Annetjie Dreyer, Peet se eggenote, rugprobleme met erge pyn.

- **Koringkorrel** [Engels: Spiritual 'nuggets']: Psalm 8 Griekwapsalm

  "Jirre, dasie 'n land so ver of woes geleë,

  sos dié sandland wat U nou vi my kom gjee,

  want selfs in hierie droë annerlikeit

  groei die gemsbokkomkommer van U se heerlikeit.

  [Hans du Plessis: Innie Skylte Vannie Jirre]

- **'n Mondvol** – "Die gedienstige engel het gekom in 'n huis waar daar liefde was, en met 'n glimlag omgedraai, en gesê: My diens is hier oorbodig." [Langenhoven]

- **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za

- **Naskrif** – Nuusbrokkies ontvang van Veterane.

  - **Dubbeltjie** skryf: "Hoekom duik duikers altyd agteroor uit 'n boot? As hulle vooroor duik, val hulle in die boot."

  - **Nick van der Merwe, voorsitter Trans Magalies, skryf oor sy wye belangstelling in ons militêre geskiedenis en aanverwante sake:**

    Anglo Boere Oorloë 1881 en 1899-1902 wat insluit slagvelde, begraafplase, blokhuise en verwante aangeleenthede.

    Anglo Zoeloe Oorloë wat insluit slagvelde soos Isandwlana, Rorke's Drift en Helpmekaar.

    Historiese geboue, konsentrasie kampe en begraafplase.

    Die Rhodesiese oorlog.

    Pretoria is ryklik geseën met historiese geboue soos: Kerkplein, Nederlandche Bank, Credietvereen Munt, Lewis en Marks Gebou, De Volkstemgebou, Krugermuseum, Gereformeerde Kerk [ook bekend as 'oom Paul se kerk'], Helde Akker, Victoria Hotel, NZASM strukture, Melrose Huis en vele meer.